Bryanston Parallel Medium School/Skool

# BPMS BULLETIN

## Kwartaal Verhaal

### Klas van 2023: 'n Onvergeetlike jaargroep





Photo credit: Emma van Wyk





Photo credit: Jaden Lightbody

'n Klok simboliseer 'n begin en 'n einde, die verloop van tyd en die viering van belangrike lewensgebeurtenisse. Die graad 7's se klokseremonie het die einde van hul laerskoolreis en die viering van die klas van 2023 simboliseer!

Die klok was 'n geskenk van die graad 7's aan BPMS en dit simboliseer liefde en wense van geluk, sowel as hulle dankbaarheid vir die impak wat die skool op hulle lewens gehad het. Vir ons as graad 7's simboliseer die klok ons nalatenskap en 'n nuwe tradisie wat ons hier by die skool kon begin.

Die klokseremonie was 'n emosionele byeenkoms vir beide ouers en graad 7 leerders. Die seremonie het begin met die graad 7's wat deur 'n tonnel van die res van die skool se leerders gestap het en in die vierkant bymekaar gekom het om vir die laaste keer die skoolkreet te sing. Daarna het die ouers en die graad 7 leerders saal toe beweeg, waar die hoofleiers kort maar pragtige afskeidstoesprake gelewer het.

Tannie Anri van der Linde het 'n baie inspirerende en onvergeetlike boodskap gelewer oor die belangrikheid van keuses in ons toekoms en hoe elke kind verantwoordelikheid vir sy eie lewensprentjie moet neem. Daarna het almal in die Junior Blok bymekaargekom, waar elke graad 7 leerder die geleentheid gehad het om die klok te lui. Dit was 'n groot oomblik in die leerders en ouers se lewens omdat dit die einde van die graad 7's se laerskoolloopbaan aangekondig het.

Die Graad 7 Afskeid was so emosioneel soos die klokseremonie! Al die graad 7's en hul onderwysers het Vrydagaand, 24 November bymekaargekom om die jaar en hul Bryanston herinneringe te vier. Daar was n klomp aktiwiteite en kosstalletjies op die veld waar die Graad 7's hulleself kon gaan geniet, asook n fotohokkie (met *props* natuurlik) waar almal met hulle vriende kon lawwe foto's neem. Die aand was afgesluit met die vier hoofleiers se roerende toesprake.

Ons Onderhoofmeisie, Annabella van der Linde, het 'n *quiz* opgestel waar kinders gestem het vir onderwysers om 'n sekere prys te wen. Sommige van die onderwysers het pryse gewen vir byvoorbeeld die lelikste handskrif, die beste musiek, wie die maklikste toetse opstel, wie die meeste Coke drink, en nog baie meer. Juffrou Carli het 'n pragtige video gemaak met fotos van die graad 7's van 2023 deur ons jare by Bryanston. Elke graad 7 leerder het 'n geskenksakkie met 'n sjokolade en 'n verskriklike oulike boekie ontvang. Die boekie was gevul met foto's en 'n aanhaling van elke graad 7. Die onderwysers het ook elkeen 'n geskenk ontvang. Verder het almal hul eie ding gedoen en net die aand geniet, terwyl ander weer in trane hul gunstelling onderwysers moes groet.

"Don't cry because it's over, smile because it happened." - Dr Seuss.

Ons wil graag baie dankie se aan die graad 7s van 2023 dat julle ons jaar so spesiaal en uitsonderlik gemaak het! Ons wil elkeen van hulle sterkte toewens vir die wonderlike nuwe avontuur wat voorlê en moet nooit van BPMS vergeet nie, want BPMS sal nooit van ons kan vergeet nie!

Deur Mila Kapp en Stella Combrink

# Grade 7s 2023



Annemie Roux en Zilke van Zyl



Megan Kemp



Mia Rossouw, Mila Kapp, Tannah Smit, Michella Nel, Megan Kemp, Lisa Voogt, Annemie Roux, Annabella van der Linde, Zilke van Zyl

Tannah Smit and Lisa Voogt





Annemie Roux

Photo credit: Emma van Wyk

Mia Rossouw and Annemie Roux



Lisa Voogt





Augusta Madu, Nina Vermaak, Isabella Jones, Owami Vilakazi, Sindisiwe Ngcongolo, Anzani Mathivha, Faith Sambo

Mila Kapp



Annabella van der Linde



Sadie Chater



Photo credit: Emma van Wyk



Lieschen Zeeman



Sadie Chater and Skye Samuels



Zilke van Zyl



Tannah Smit, Mila Kapp, Annabella van der Linde, Megan Kemp, Annemie Roux, Cinda-Lee Hall, Lieschen Zeeman, Mia Rossouw, Lisa Voogt, Michella Nel, Zilke van Zyl, Kiana Mulder, Sadie Chater

Mia Rossouw



Photo credit: Emma van Wyk



Juan Smit,
Joshua Lingenfelder and
Sebastian Budnik





Mia Rossouw, Megan Kemp, Annabella van der Linde

# The trio that lasted

Tannah Smit

Kiana Mulder





Cinda-Lee Hall



Kiana Mulder and Lieschen Zeeman

Photo credit: Emma van Wyk

# WHAT'S NEWS?

## IN DIE KOLLIG

Ons vier 'n suksevolle Robotics jaar en sê totsiens aan Mnr. Ludwig. (bl. 11)



Kultuur bereik groot suksesse in kwartaal 4. (bl. 12)



Photo credit: Waldo du Plessis

## HIGHLIGHTS

Juan Swart: Mees Veelsydige leerder van 2023.



We celebrate our learners' achievements at prize-giving. (pg. 14)

## THANK YOU

Thank you to this wonderful team of dedicated students without whom this newspaper would not be where it is today.

A huge thank you to Mrs Shani Grobler for proofreading.



# A MESSAGE FROM OUR PRINCIPAL

Dear BPMS family

As we approach the end of another memorable school year, it brings me great joy to reflect on the incredible journey we've shared at BPMS. Our hallways have echoed with laughter, our classrooms have been filled with curiosity, and together, we've created a vibrant community of learners.
To our bright and spirited learners, you are the heartbeat of our school. Your enthusiasm for learning, your kindness to one another, and your boundless energy have made this academic year truly special. Each of you has grown in unique ways, and your accomplishments, big and small, have contributed to the tapestry of our school's success.
Parents, your unwavering support in your child's education has been invaluable. Thank you for entrusting us with the privilege of teaching these young minds.
As we approach the festive season, I encourage you to rest and have fun.
To our grade 7 learners, the time has come to spread your wings and embark on new adventures in the next phase of your educational journey. Carry with you the values of friendship, respect, and a love for learning that you've cultivated at BPMS. We believe in your potential to shine brightly wherever your path may lead.
I extend my heartfelt gratitude to our dedicated teachers and staff who have worked tirelessly to create a nurturing and engaging learning environment. Your passion for education has made a lasting impact on the lives of our learners.
As we bid farewell to this academic year, let us celebrate the achievements, the smiles, and the bonds we've formed. Enjoy a restful and joyful festive season, and I look forward to welcoming you all back for another exciting school year filled with new discoveries and accomplishments.

With gratitude and warm wishes,
Ilse du Preez

HONESTY COMPASSION COURAGE FAIRNESS RESPONSIBILITY EMPATHY FORGIVENESS RESPECT KINDNESS
I AM BPMS

# GRADE 1 2 3





Photo credit: Lisa Voogt

## Foundation Phase praise

The foundation phase of BPMS had a wonderful Term 4. There were lots of exciting days for the learners other than their normal school days, of course! The challenging and fun activities that they participated in, are laying the groundwork for a very strong future Senior BPMS class.

On the 13th of November, the learners went on an excursion to the Mapatiza Gemstone Mine in Crowthorne. They learned a lot about semi-precious stones and even had the opportunity to go into a working mine. Afterwards, they collected their own beautiful stones from a scratch patch, now being able to identify the treasures they found.

Another fun day was when the classes dressed up to support the Bokke by 'delivering' their best Checkers sixty- 60 outfits. The Sandton Chronicle even came to report this exciting day. Helgardt Schulze walked away with the prize for the best dressed as *Faf de Schulze*. His motivational quote for the Bokke was, "I think the Springboks are going to win, and we are going to win the Rugby World Cup. I wish them luck."

Five Grade 3 learners represented BPMS at the Johannesburg East Awards Ceremony for academics. The learners received the following awards:
John Roberts – Awards for mental maths, Life Skills and Afrikaans Spellathon.
Logon Cortemiglia – An award for the Numeracy Challenge.
Hayley Loggenberg – An award for English Home Language Spellathon.
Ben-Luc Zeeman – An award for Afrikaans Huistaal Spellathon
Daniel Bronkhorst – An award for Afrikaans Huistaal Spellathon.



This Awards Ceremony was proudly held at BPMS. John Roberts and Logan Cortemiglia were invited to the provincial prize-giving in November. What a huge achievement! The Grade 3s also completed a project where they had to build an example of a type of natural disaster. They made fantastic projects. They showcased hard work and creativity, and they enjoyed this project very much.

On December 1st, the Grade 1s of 2024 met their new Grade 1 teachers. It was an exciting experience for the learners. Make BPMS proud with your achievements next year, Grade 1s of 2024! Well done, Foundation Phase! We are proud of you and expect big things from you next year.

By Danielle van der Westhuysen



Photo credit: Jaden Lightbody

# GRAAD 4567

## ‘n Groot jaar vir die oues tot die antieke by Bryanston



Photo credit: Jaden Lightbody

2023 was verseker ‘n sukses vir ons Intermediêre en Senior Fase. Skool is harde werk en alhoewel die die laaste kwartaal altyd effens moeiliker is, het ons dit darem oorleef!

Vanjaar, nes enige ander jaar, was ‘n jaar van eerste kere, laaste kere en GROOT kere. Die graad 4’s het vir die eerste keer begin eksamen skryf hierdie jaar en die graad 5’e het deelgeneem aan ‘n demokratiese verkiesing. Van die graad 6’e was in die laaste kwartaal as 2024 se leiers gekies en vir die graad 7’s, was dit ‘n totsiens.



Photo credit: Lisa Voogt

Die graad 4’s het vir die eerste keer hierdie jaar met eksamens begin. Kom ons hoor wat hulle te sê gehad het daaroor:

Ruben Pelser in graad 4A het gesê: “Dit was stresvol, maar lekker om te voel hoe dit voel om eksamen te skryf. Dit was iets nuuts.” Maison Brims in graad 4E, dink dit was opwindend terwyl sy klasmaat, Khloe Dos Santos, dink dit was skrikwekkend. Laastens, sê Elai Maina in graad 4P: “Die eksamens was maklik, maar ek het besef dat die vrae moeiliker was as wat ek gedink het toe ek my punte gesien het. Ek was wel baie bly toe ek my NWT vraestel teruggekry het!”



Photo credit: Lisa Voogt

Hierdie kwartaal het die graad 5’e deelgeneem aan die eerste demokratiese verkiesing – hulle het gestem vir die prefekte van 2024.
Lonwabo Sibidi in graad 5S meen: “Dit was vir my baie maklik. Ek het presies geweet vir wie on te stem.”
“Dit was nogal stresvol, want ek kon net vir vyftien leerders stem – en ek ken baie leerders wat dit verdien. Ek voel ons moes vir meer kon stem,” is Alby Haynes in 5V se opinie.

Gepraat van prefekte, hierdie was ‘n GROOT kwartaal vir die graad 6’e! Ons wil net baie geluk sê aan die nuwe prefekte van 2024 – julle is ’n oulike groep kinders en sal goeie werk doen. Die van julle wat nie as prefekte gekies is nie, onthou dat jy steeds ‘n groot rol speel in hierdie skool. As ‘n graad 7 leerder gaan jy volgende jaar ‘n voorbeeld moet stel vir die jonger leerders en hulle moet inspireer – iets wat julle sonder twyfel sal regkry. Onthou ook dat hoe jy ander mense behandel, beteken baie meer as ‘n rooi baadjie. Onthou net om altyd gaaf te wees en elke dag te loop met ‘n glimlag op jou gesig. Die Here het ‘n plan vir almal en hy weet wat moet gebeur. Soos ek altyd sê – wat moet gebeur sal gebeur.

Die graad 7’s van 2023 het definitief Laerskool op ‘n hoë noot geëindig! Eksamens was maar rof en ons het net-net deurgetrek – maar helaas – hier is ons nou, oppad Hoërskool toe. Ons kan nooit van Bryanston Parallel Medium vergeet nie! Dit sal altyd een groot, wonderlike herinnering in ons lewens bly en ek wil net weereens sê hoe dankbaar ons is vir alles wat hierdie skool aan ons gegee het. Van wonderlike geleenthede tot fantastiese vriende – Bryanston het vir ons alles gegee waarvoor ons moontlik kon wens – en nog meer! Dankie BPMS!

Deur Mila Kapp



Photo credit: Jaden Lightbody



# SPORT

## NETBAL

Deur Lisa Voogt




Fast Five netbal is ‘n baie vinniger weergawe van netbal. ‘n Span mag net vyf speelsters op die baan hê, in plaas van sewe wat in ‘n normale netbal wedstryd is. Daar is sones in die doel area van waar jy mag doel wat dan verskillende punte tel. Die tempo van die spel is baie vinniger en spelers moet baie meer beweeg. Van die spelers het gesê: “Dit was soveel pret!”

In Oktober het ons o11, o12 en o13 spanne deelgeneem aan Fast Five toernooie. Die speelsters was baie opgewonde om te oefen vir die vinnige, pret weergawe van netbal.

Die Fast Five toernooi by Laerskool Baanbreker het plaasgevind op 13 en 14 Oktober. Die o11A & B en o12A & B spanne het baie goeie netbal gespeel, met albei A-spanne wat ‘n 3de plek behaal het. Laerskool AG Visser Netbaldag was vir die o11 - o13 spanne. Die o12 en o13 spanne was onoorwonne op die dag.

Welgedaan julle. Julle het het skool se naam hoog gehou.



Emma van Wyk het die volle 94.7 Cycle Race (97km) in 4:32 ure voltooi.

## TENNIS

Deur Lisa Voogt

Die Senior Tennis Liga die kwartaal was hope pret. Beide die seuns en dogtersspanne het hulle baie goed van hul taak gekwyt.



Die Kwartaal 4 liga is meer vriendskaplik en vir die eerste keer die jaar kon skole kies of hulle eerder gemengde dubbels wil speel, in plaas van die gewone tennis wedstryd waar elke speler dubbels en enkels speel.

Ons seuns en dogters spanne het saam gestaan en teen Unika en Trinity Randpark Ridge, gemengde dubbels gespeel.

Die jaar is afgesluit met ‘n “Round Robin” toernooi vir die junior en senior spanne. Die spelers het almal vir oulaas hul BPMS wedstryddrag aangetrek en baie pret gehad by die afsluiting.

Ons nooi al die BPMS leerders wat belangstel, om volgende jaar saam tennis te kom speel.



# SPORT

## RUGBY



Rugby, where grit meets strategy on the field. Being a rugby player requires more than just physical prowess—it demands teamwork, resilience, and a passion for the game.

Our u/11, u/12 and u/13 rugby boys performed brilliantly in 7s rugby this term. At the Laerskool AG Visser Tournament, the u/11 team ended in third place and the u/12 and u/13 teams both ended up in first place. We are proud of you all!



Photo credit: Emma van Wyk

## ATLETIEK

By Lisa Voogt

House Pride (A-G - Rooi); House Loyalty (H-N - Blou) en House Honour (O-Z - Wit). BPMS se gees vir die jaar was die beste ooit! JuffrouMichelle Botes , JuffrouTiffany Strydom en Juffrou Carmen Bruce-Webster, wie deelvorm van die geeskomitee, het vir die jaar se interhuis dirigente gekies. Die gees wat die graad 7 dirigente ingebring het was wonderlik.
House Honour het die atletiekgewen met meer as 200 punte en House Pride het die geesbeker gewen. Welgedaan BPMS!




Photo credit: Jaden Lightbody






## KRIEKET

Deur Morné Joubert



Photo credit: Jaden Lightbody

Die krieketseisoen het baie suksesvol verloop, met die meerderheid van die spanne wat deurgedring het na die finaal. Die 1ste span, asook die onder 9- en 11-spanne, het 'n tweede plek behaal. Meneer Neethling is uiters trots op al die spanne en kan nie wag vir die volgende seisoen nie. Hy het gesê dat hy verwag dat vier spanne die finaal sal bereik, waarvan twee as oorwinnaars sal eindig. Om hierdie doelwit te bereik, beplan hulle om vroeg en intensief te begin oefen. Spelers en afrigters deel 'n gedeelde opgewondenheid vir volgende jaar. Hier is 'n inspirerende wens aan die graad 7 spelers: Mag die hoërskool krieketveld net soveel vreugde bring as die jare op die laerskoolveld.



Photo credit: Jaden Lightbody

# ROBOTICS

## Robotics Ends the Year on a High Note

Imagine competing in a team, with a complete stranger, trying to navigate a fairly complicated Robotics field. That was the experience for most at the Robotics ISRL. Our learners did, however, get the opportunity to celebrate the Robotics year-end with their teammates.

The Robotics ISRL competition is an event that tests robotics skills, problem-solving, patience, teamwork, and collaboration. The competition takes place numerous times a year and is always lots of fun for participants. Different schools participate and send selected team members. Team members are then paired up with other school team members to form new teams on the day. A great way to form new friendships.

The ISRL competition is tough and the challenge forces one to think creatively to solve the given challenge on the day and tally up as many points as possible in only a short period of two hours.

Photo credit: xxx





At this event, BPMS's Robotics team once again managed to get impressive scores and showed great spirit, as they did throughout the year. Mr. Ludwig and the Robotics teachers always made sure that the Robotics learners were happy and encouraged team members to have a positive attitude, even when things did not go as planned.

To end the year on a high note, the BPMS Robotics team attended a year-end celebration to commemorate all the achievements and commitment throughout the year. It was also a way to remind the team members that all the hard work was worth it in the end. The celebration was a lot of fun and was held in the staff room on 31 October where learners received delicious pizza and soft drinks.

We would like to wish Mr. Ludwig good luck on his new journey at the Deutsche Internationale Schule of Johannesburg. No words can express the appreciation we have for him. Mr. Ludwig always had a positive attitude, friendly advice, and a big smile on his face. We will miss you dearly.

**By Chanté Röhrs**

# KULTUUR

## Kwartaal 4 se kultuur kook









BPMS kultuur het 'n uitstekende kwartaal 4 gehad! Ons toneel, kore en redenaars behaal nasionale Top 3 plekke.

BPMS se toneel 'O wee, beoordelaar, veroordelaar' wen die Artistatue nasionale kompetisie! Ons leerders se toneelspel het die gehoor se lagspiere behoorlik gekielie. Lené Goosen in graad 6 het gesê dat haar gunsteling deel van die toneel was toe Leonhardt Schulze, een van die beoordelaars in die toneel, met 'n koek gegooi is.

Dané Antunes praat oor die waarde van toneelspel: "Ek het geleer dat jy nie moet omgee oor wat ander oor jou sal dink as jy soos jou karakter optree nie. As jy dit doen gaan jy net slegter optree." Zian Grobler ontvang ook die nasionale toekenning vir die beste akteur. Dit was wel verdiend.

Die junior en senior koor behaal altwee 'n tweede plek by die Artistatue Nasionale Koorkompetisie. Die junior koor het die gehoor se harte laat smelt met hulle pragtige engele stemmetjies. Die senior koor het glimlagte op almal se gesigte gesit met hulle liedjie "Skottelgoed is gevaarlik". Hulle boodskap aan alle ouers was dat kinders nie skottelgoed moet was nie, kry eerder 'n skottelgoedwasser. Die kore is 'n heerlike ondervinding, of jy nou in die koor is of net na die koor luister.

BPMS se redenaars het uitstekend presteer. Daar was agt BPMS Engelse redenaarsspanne en vyf BPMS Afrikaanse redenaarsspanne wat 'n Top 3 plek by die Oppie-Tong-Af Nasionale Kompetisie behaal het. Vier van ons leerders behaal ook Top 3 nasionale posisies by Oppie-Tong-Af se individuele redenaarsitems: Kayla Robinson (1ste), Juan Swart (1ste), Kyle Swart (twee 2de plekke), Mila Kapp (2de). Wel gedaan! Redenaars is 'n baie waardelvolle vaardigheid, maar kan jou op jou senuwees maak as jy voor 'n hele gehoor moet optree. BPMS is baie trots op elkeen van die redenaars – julle het nie net mense oortuig nie, maar hul ook geinspireer om met selfvertroue voor mense te praat.

'n Jaar van uitstekende prestasies in kultuur! Die leerders se harde werk en toewyding het verskeie vrugte afgewerp. BPMS wil almal gelukwens met hul prestasies! Ons sien uit na wat julle volgende gaan doen. Hou aan kook!

**Deur Danielle van der Westhuysen**

**Photo credit: Waldo du Plessis**

# PRIZE-GIVING



## SPORT



The BPMS Sports prize-giving was a lively event, with young athletes and proud parents gathering to celebrate their achievements.
The beautifully decorated school hall created a vibrant setting for the occasion. Cheers and applause filled the air as each young athlete stepped up to receive their well-deserved prize, creating a heartwarming atmosphere of achievement and camaraderie. Tanielle Barnard received the award for Sports Girl of 2023 and Zian Grobler, Sports Boy of 2023. Well done to all our athletes!



## CULTURE

The Culture prize-giving was a lively mix of creativity, bringing together parents, teachers, and students. Applause filled the air as various cultural achievements took the spotlight – from the choir performances and art achievements to robotics, public speaking, and drama. Students stepped up one by one to receive recognition for their contributions. This event celebrated not just individual talents but also the cultural diversity within the school community, making it a cheerful acknowledgment of creativity in all its forms. Danielle van der Westhuysen received the Culture trophy for 2023. Congratulations to all students.

## ACADEMICS



Our Academic prize-giving was an important event, not just to our top achieving students, but also the leaders of 2024. The coveted awards, recognized not only excellence in all subjects, but also the exceptional progress that our students made throughout the year. It was a proud moment, honouring the pursuit of knowledge and the dedication of students in their educational journey. Mila Kapp was announced as Dux learner of 2023 and Juan Swart received the award for Most Versatile learner of 2023. The prize-giving ended on a high note with our head leaders for 2024 being announced. The chosen leaders for 2024 are as follows:

**Boys**

- Leonard Schulze (**Head boy**)
- Xander Diamond (**Deputy head boy**)
- Sebastian Bernot
- Denzel Emeto
- Josh Lansdell
- Cullen le Grange
- Morné Joubert
- Luke Stark
- Connor Riley
- Kyle Maree

**Girls**

- Cari Kapp (**Head girl**)
- Danielle van der Westhuysen (**Deputy head girl**)
- Dané Antunes
- Gabi Hong
- Chanté Röhrs
- Lené Goosen
- Bella Coertze
- Helena le Grand
- Laluscke van der Watt
- Erin Oosthuizen





# ADDITIONS

## What's your favourite tuckshop snack?

- **Vivienne Winter:**
  Barbecue Lays chips.
- **Kenzo Hudson:**
  Peach flavoured Iced Tea.
- **Olo Skiti:**
  Popcorn.
- **Allysa Cook:**
  Orbee water.
- **Khanya Skenjana:**
  Coke, Original Lays, double hearts and barbecue Yankees.
- **Katleho Mojake:**
  Green Isorade.

**By Ntokozo Buthelezi**



Photo credit: Jaden Lightbody



## What is your favourite Aftercare food?

- **Lisa Voogt:**
  Vetkoek and mince.
- **Kenzo Hudson:**
  Mac and cheese.
- **Njabulo Buthelezi:**
  Mac and cheese.
- **Lonwabo Buthelezi:**
  Vetkoek and mince.
- **Allysa Cook:**
  Vetkoek and mince.
- **Khanya Skenjana:**
  Curry and rice.
- **Nqabayomzi Mtwisha:**
  Vetkoek and mince.

**By Milla Makkink**

## SHAKESPEARE'S CORNER

### A butterfly in my eyes

As tall as trees
As small as the leaves
As deep as the oceans
As high as the skies

But still
there is a butterfly
that I see in my eyes

**By Jurianne Venter**

# BULLETIN TEAM OF 2023

**Editor:** Ms O. le Roux
**Editor/Journalist:** Mila Kapp
**Journalists:** Stella Combrink, Lisa Voogt, Danielle van der Westhusen, Chanté Röhrs, Morné Joubert, Milla Makkink and Ntokozo Buthelezi

**Design:** Shannon Pienaar
**Art:** Tannah Smit
**Photographers:** Jaden Lightbody, Lisa Voogt, Emma van Wyk and Waldo du Plessis

To the news team of 2023,
As we close the chapter on a phenomenal year, I am truly grateful for each of you. Your hard work and dedication has turned our school newspaper into a great success.
To the Grade 7s leaving for high school, I want to encourage you to continue to pursue journalism, design, and photography. Be the voice of your generation. Your creativity will light the way.
To the team of 2024. You have big shoes to fill, but I have confidence in your ability to continue the legacy that our very first members have established.
-Ms le Roux



2023

BRYANSTON PARALLEL MEDIUM
BPMS
ESPRIT DE CORPS